

Wat verander in die GROOTPENS as Herkouers gevoer word?

Nuusbrief – Junie 2018

Danie de Lange

Stoettelers berei diere voor deur die beste genetiese materiaal te selekteer en word meestal op 'n voerprogram gesit om optimaal te ontwikkel en uit te groei.

Herkouers (bokke, skaap en bees) is aangepas om gras- en blaarweiding om te skakel in vleis of proteïen. Die werklike vertering van plantmateriaal in die grootpens of rumen word deur baie klein- of mikroörganismes gedoen. Daar is verskillende groepe mikro-organismes wat elkeen 'n baie spesifieke funksie het. Elk van die mikrobies kom in spesifieke hoeveelhede voor en hul hoeveelheid word bepaal deur die diere se dieet; wei diere in die veld, word hulle gevoer en wat word die diere gevoer. Mikrobies is lewende organismes wat aantel of vermeerder na gelang van die diere se dieet. Onder veldtoestande is die grootste groep mikrobies in die grootpens die "*grasverteeders*". Een van die ander groepe, die "*energie verteeders*" het min werk solank diere in die veld loop omdat droë weiding relatief laag is in energie. Hulle raak egter baie belangrik en hul getalle vermeerder sodra diere begin kragvoer of voerkorrels vreet.

Sodra diere begin kragvoer of voerkorrels vreet, moet die mikrobies by die voer aanpas!

1. Eintlik is dit die mikrobies wat verantwoordelik is vir die vertering van voer hoog in energie, wat moet vermeerder om die nuwe voer te verteer. Indien hierdie spesifieke mikrobies se getalle te min is vir die hoeveelheid nuwe *kragvoer*, is vertering ondoeltreffend en gee dit aanleiding tot *opblaas*, *maagwerk*, *suurpens*, diere wat *kruppel raak* en soms *sels vrektes*.

Die kragvoer word aan die begin geleidelik vermeerder juis om die mikrobies kans te gee om te vermeerder soos wat die voer verhoog word, sodat vertering doeltreffend en sonder probleme kan plaasvind. Die "*energie verteeders*" teel aan om volgens die hoeveelheid kragvoer aan te pas.

2. Sodra 'n diere kragvoer kry word die grootpens ook eeffe suurder juis sodat hierdie groep mikrobies wat kragvoer benut, hul werk beter kan doen.



Hierdie veranderings in die grootpens van diere wat gevoer word, is juis die redes waarom gevoerde bulle en ramme sukkel om op veldweiding aan te pas. Hoe droër die veld, hoe moeiliker die aanpassing! Hierdie veranderings van die mikrobe populasie in die rumen neem tot 21 dae.

U moet dus die gevoerde diere se mikrobies help aanpas by die veldweiding deur die kragvoer geleidelik te verminder tot die rumen weer hoofsaaklik gras kan verteer.

Riglyne vir Aanpassing terug na Veldtoestande (van kragvoer terug na ruvoer):

1. Hou diere in klein kampies by die huis sodat hulle elke dag gesien en nog gevoer kan word
2. Ruvoer of genoeg gras in die kamp is belangrik
3. Voer diere daaglik 1 kg Veekos Afrondkorrels per ram vir die eerste 10 dae
4. Verminder voerkorrels na 500g per ram/dag van dag 11 tot 21
5. Gaan voort met ten minste 'n produksielek na die eerste 3 weke
6. Indien weiding min of baie swak is, gaan voort met 500g korrles/ram/dag OF Rangeland Grower

